



## Resensies / Reviews

- Hofman, T.M. 2008. **Een kijk op de kerk in Handelingen: de visie van Hugo de Groot op de relatie kerk en synagoge.** Apeldoorn: Theologische Universiteit.  
(F.P. Viljoen) ..... 415
- Brienen, T. 2008. **Schleiermacher en de Bijbel: de function van het Woord van God in de zogenaamde praktische theologie van F.D.E. Schleiermacher.** Apeldoorn: Theologische Universiteit.  
(H. Goede) ..... 417
- Fokusresensies / Focus reviews**
- Conradie, Ernst. 2008. **The church and climate change.** Pietermaritzburg: Cluster.  
(H.J.M. van Deventer) ..... 419
- Van der Walt, Tjaart. 2009. **Between Pentecost and consummation: a guide to the second half of the New Testament for dedicated students.** Potchefstroom: Theological Publications.  
(T.C. Rabali) ..... 421
- Nel, Marius. 2009. **Prediker: 'n studie in wysheid.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.  
(J. Gericke) ..... 423
- Rasnake, Eddie. 2009. **Efesiërs: 12 studies oor die boek.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.  
(W. Vergeer) ..... 425
- Nicholson, Ronald. 2008. **The church and same-sex marriage.** Pietermaritzburg: Cluster.  
(P.H. Botha) ..... 428





## Resensies / Reviews

**Hofman, T.M. 2008. Een kijk op de kerk in Handelingen: de visie van Hugo de Groot op de relatie kerk en synagoge.** Apeldoorn: Theologische Universiteit. 58 p. Prys: €7,50.  
ISBN: 978-90-75847-24-6. (Apeldoornse Studies, no. 52.)

**Resensent:** F.P. Viljoen

Skool vir Bybelwetenskappe & Antieke Tale,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie publikasie bevat die openingsrede van die akademiese jaar van die Theologische Universiteit Apeldoorn op 10 September 2007. Die fokus in die rede val op die visie van die Christen-humanis Hugo de Groot op die verhouding tussen kerk en sinagoge.

In die inleidende gedeelte bied Hofman kursoriële inligting oor die lewensloop, begaafheid en betekenis van Hugo de Groot (1583-1645). Hoewel De Groot as juris opgelei is, toon hy ook besondere belangstelling in die filosofie en teologie. Tot sy literêre nalatenskap behoort sy *Opera omnia theologica*. Hofman is veral geïnteresseerd in De Groot se *Aantekeningen* op die Nuwe Testament. In die gepubliseerde openingsrede fokus Hofman op De Groot se *Aantekeningen over de Handelingen der Apostelen*.

In drie agtereenvolgende afdelings bied Hofman 'n oorsig oor die inhoud van hierdie *Aantekeningen*. Ten eerste bespreek hy die strukture van die kerk en sinagoge volgens De Groot. Hofman verduidelik De Groot se siening oor die organisasie en ampsdraers van die Vroeg-Christelike kerk, kerklike vergaderings en die verhouding tussen die kerk en die sinagoge. Tweedens kom die mense in die kerk en sinagoge aan die orde. Hy som De Groot se standpunte oor die deelnemers, partye en onderlinge spanning in die Vroeë Kerk op. Hofman handel oor die godvresendes, die vergadering te Jerusalem (Hand. 15) en praktiese vraagstukke waarmee die vroeë gelowiges geworstel het. In die derde plek gee Hofman aandag aan De Groot se sienings oor 'n verskeidenheid aspekte van die Vroeë Kerk, soos die gebruik van begrippe en name, heiliges en martelare,

die beeld van die samekoms, die lewe van die gemeente in 'n heidense konteks, besondere dae en die nuwe bedeling waarbinne gelowiges lewe. Hierdie drie afdelings, wat ongeveer die helfte van die publikasie beslaan, bied bloot 'n kursoriese opsomming van De Groot se visie.

In 'n volgende afdeling gee Hofman, weereens baie oorsigtelik, 'n aantal resenter (hoewel ook redelik gedateerde) visies op die kerk en sinagoge weer. Sy oogmerk is om die standpunte van De Groot in hierdie visies te spieël. Hofman bied agtereenvolgens flitse van die standpunte van teoloë soos Goppelt (1954), Nauck (1957), Schlatter (1966), Hengel (1971), Applebaum (1974), Versteeg (1982) en Williams (1999) op sommige van die aspekte wat hy by De Groot uitgelig het. Van 'n integrasie van hierdie inligting met die werk van De Groot kom daar egter weinig tereg.

In die slotafdeling ("Evaluatie en conclusies") gee Hofman aandag aan De Groot se eksegetiese metode en theologiese visie. Hierdie bespreking vloei nie direk uit die voorafgaande afdelings nie en Hofman laat hom in hierdie bespreking ook grootliks deur redelik gedateerde bronne lei. Hierna volg 'n kort evaluasie en samevattende konklusie van De Groot se visie op die Vroeg-Christelike Kerk en die sinagoge.

Die publikasie bied 'n verwerkte weergawe van 'n openingsrede van 'n akademiese jaar met die gevolg dat die teikengehoor hoofsaaklik voorgraadse studente in die teologie is. Die publikasie kan ook van nut wees vir persone met 'n kerkhistoriese belangstelling – veral ten opsigte van die verhouding tussen die Vroeg-Christelike Kerk en die sinagoge. Die ernstige wetenskaplike sal egter teleurgesteld wees aangesien indringende kritiese integrasie en evaluasie van inligting ontbreek en die meeste geraadpleegde bronne redelik verouderd is.

**Brienen, T. 2008. Schleiermacher en de Bijbel: de function van het Woord van God in de zogenaamde praktische theologie van F.D.E. Schleiermacher.** Apeldoorn: Theologische Universiteit. 62 p. Prys: €7,50. ISBN: 978-90-75847-25-3.  
(Apeldoornse Studies, no. 51.)

**Resensent:** H. Goede

Skool vir Bybelwetenskappe & Bybeltale,  
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Hierdie boek vorm deel van die reeks *Apeldoornse Studies* uitgegee deur die Theologische Universiteit Apeldoorn in Nederland. In die reeks verskyn akademiese beredenering, die hooflyne van doktorale navorsing en ander akademiese werk. Die reeks dek die hele spektrum teologiese studie en debat soos dit by dié Universiteit beoefen word. Hierdie publikasie bevat verwerkings van gaslesings wat die outeur by die Universiteit gelewer het. Die outeur stel die doel van die publikasie met die volgende vraag: "In hoever is de 'praktische Theologie' bij Schleiermacher bijbels georiënteerd?" (p. 7). Ten einde hierdie vraag te beantwoord, ondersoek die outeur die volgende aspekte: Die Bybel in die lewe en vorming van Schleiermacher (deel 2), die funksie van die Bybel in Schleiermacher se publikasies op die terrein van die praktiese teologie (deel 3), en by wyse van ekskursie, die preke van Schleiermacher. Op grond van hierdie ondersoek kom die outeur in deel 4 tot sekere gevolgtrekkings.

In deel 2 ondersoek die outeur die plek van die Bybel in die lewe en vorming van Schleiermacher. Hierdie deel verskaf 'n oorsig oor die lewensgeschiedenis van die beroemde Duitse teoloog. Die uiteensetting is uitgebreid (25% van die totale aantal inhoudelike bladsye), dog duidelik gerig op die beantwoording van die doelvraag van die studie. Aan die einde van deel 2 kom die outeur tot die gevolgtrekking dat die rol van die Skrif in Schleiermacher se lewe en vorming met verloop van tyd afgeneem het. Vanaf sy verbly in Barby (1785) word sy godsdienstige en teologiese belangstelling meer en meer deur die Verligting filosofies gekleur, en doen hy weg met fundamentele elemente van die Bybelse getuienis soos die versoening deur die bloed van Christus en sy Godheid. Hierdie ontwikkeling verinnig wanneer hy later met die vroeë Romantiek in kontak kom. Sy preke word eerder literêr-filosofiese redes as Bybels-eksegeties gefundeerde Woordverkondiging.

Deel 3 fokus op Schleiermacher se gebruik van die Skrif in sy publikasies oor die praktiese teologie. Die outeur verskaf 'n oorsig

oor die ensiklopediese plek en funksie van die sogenaamde praktiese teologie aldus Schleiermacher. Schleiermacher poog om alle teologiese dissiplines vanuit een grondgedagte af te lei. Hy beskou teologie as 'n positiewe wetenskap, duidelik gerig op diens aan 'n praktiese doelstelling buite die wetenskap. In die geval van die teologie is die praktiese doelstelling die kerk. Die praktiese teologie kan dus nie anders as om 'n onderdeel van die teologie te wees nie. Maar dit word deur die filosofiese teologie voorafgegaan. Die doel van die filosofiese teologie is die bepaling van grondbeginsels uit die filosofiese etiek vir teologiese arbeid en praktyk. Die derde element van die teologie as wetenskap is die historiese teologie wat as objek die kerk in haar historiese verskyningsvorms het. Dit behels die statistiese analyse van huidige verskyningsvorms, die bestudering van die agtergrond tot hierdie huidige verskyningsvorms wat geleë is in die dogmatiek, en die bestudering van die oorspronklike vorm soos in die Skrif beskryf. Eksegese vorm dus deel van die historiese teologie. Sowel die filosofiese as historiese aspekte is krities van aard.

Praktiese teologie, aldus Schleiermacher (wat nie met gereformeerde diakoniologie verwarr moet word nie), is egter tegnies van aard. Dit vorm die skakel tussen die teleologiese element van die teologie, soos uitgedruk in die filosofiese en historiese teologie, met die praktyk van die kerk. Die praktiese teologie bestaan in handelinge wat leiding aan die kerk verskaf. Schleiermacher onderskei drie soorte handelinge. Eerstens word onderskei tussen erediens en sede, tweedens tussen klerikale leiding en teologiese leiding, en derdens tussen leierskap (kerkregering) en die massa (kerkdiens). Brienens se gevolg trekking is dat die Bybel as Woord van God nêrens in Schleiermacher se teologiese ensiklopedie as norm aangewend word nie (p. 37).

Deel 4 bevat die outeur se oorkoepelende gevolg trekking, naamlik dat die sogenaamde praktiese teologie in Schleiermacher se teologie geen Bybelse grondslag het of Bybelse gegewens verwerk nie. Hoewel hy Bybelse tekste, begrippe en idees invoeg en gebruik, doen hy dit sonder hulle Bybelse inhoud en betekenis. Die inhoud wat hy daaraan toeskryf, is eerder filosofies, sosiologies en histories van aard as Bybels-teologies. Hierin lê die spore van sy kontak met die Verligting en Romantiek diep getrap. Brienens se waarskuwing op bladsy 58 is helder en duidelik: "leder die hem volgt in zijn conceptie en constructie zal hier rekening mee moeten houden!" Die ontleding van Schleiermacher se preke in die ekskursie tot deel 3 bevestig hierdie gevolg trekking.

Die publikasie is maklik om te lees en die outeur slaag daarin om 'n moeilike en omvangryke onderwerp in 'n kort bestek (ongeveer 50 bladsye) te dek. 'n Veel meer omvangryke boek sou moontlik gewees het, maar sou nie noodwendig meer tot die finale gevolg-trekking bygedra het nie. Vanuit gereformeerde perspektief is dit moeilik om van Brienens se gevolgtrekking te verskil. Hierdie boek lewer 'n waardevolle bydrae tot die uitgebreide veld van navorsing oor Schleiermacher en sy teologie.

## Fokusresensie / Focus reviews

**Conradie, Ernst.** 2008. **The church and climate change.**

Pietermaritzburg: Cluster. 104 p. Price: R50,00.

ISBN: 978 1875053 74 2.

**Reviewer:** H.J.M. van Deventer

Subject Group Theology, Vaal Triangle Campus,  
North-West University

The author of this publication, Prof. E.M. Conradie, is a systematic theologian lecturing at the University of the Western Cape. He is internationally acknowledged for his research in the field of eco-theology. In this publication in the new and aptly named Cluster series "Signs of the times" Conradie offers a lucid discussion on the immense challenges facing the church with regard to the burning environmental issue of climate change. Despite daily media coverage the environmental crisis is often seen as far away and someone else's problem – especially not that of the church. The author succeeds in bringing this problem into the home of every Christian believer. This he does in a non-alarmist manner, which sometimes typifies publications of this nature, and the reader cannot do otherwise but take him seriously.

In the first chapter the author briefly outlines the crisis from our African context. He consciously steers away from swamping the reader with information on the enormity of the problem. He rather opts for a strategy considering the "distinct contribution that Christians ... can make" (p. 9) from our heritage in addressing the issue. Throughout the book where factors related to climate change (e.g. carbon dioxide emissions) are referred to, the author suggests ways in which the church can respond. The second chapter is devoted to different manifestations of the church and provides

examples of what is being done in each of these to alleviate the negative impact humans have on our planet. In the third chapter the reduction in CO<sub>2</sub> emissions, which lies at the heart of finding a solution to climate change, is highlighted. Working his way through international publications and reports dealing with the need to curb the reasons for climate change, the author arrives at the task of the church in this regard. This includes a “rediscovery of a theology of finitude” that steer us away from “idolatrous tendencies” such as “irrational faith in the power of reason, human ingenuity and technology” (p. 40), and also addressing consumerism.

The fourth chapter then zooms in on consumerism and indicates that church structures are sometimes unwittingly caught up in a constant graving for excessive “products”. The author relates this to the fact that “the values underlining our dominant cultural and economic practices have become bankrupt ... the problem lies ... inside ourselves ... in the human heart” (p. 43-44). After a stringent critique of consumerism Conradie discusses the impact it has on the church. He pulls no punches and many readers sharing the author’s Calvinist reformed background will agree with criticisms such as: “A consumer religion is necessarily more passive, more individual and more private” (p. 54), “The minister has to be manager, a marketer and a marketable asset for the congregation” (p. 55), “... elaborate building and infrastructure forms the religious counterpart of a large shopping mall which seeks to cater for every need” (p. 55). His subsequent plea for an alternative vision is backed by a citation from a declaration of the World Alliance of Reformed Churches (p. 56). In it readers of this book will find a mirror held up and looking into it may reveal a discomfiting picture of ourselves. The chapter ends with suggestions on what the church can do about consumerism. These are almost shocking in their simplicity, but reveal the wealth that our heritage still has to offer in an age of maddening materialism: sincere prayer before a meal, celebration of the rest day and tithing (p. 57-60).

The next chapter critically discusses and elaborates on a number of theological resources for responding to climate change. In this regard the discussion on creation (p. 66-67) comes from a more ecumenical stance. Ironically, this narrows the view somewhat and this reader would have liked to see a reference to the reformed notion of nature as means of divine revelation. In the second last and quite long chapter the author considers the idea of confessing guilt in the context of climate change. First, he places the notion in the framework of similar national and international actions related to

political misconduct. What is called for is a realisation by the consumer class that they are the beneficiaries of an unjust system. Nothing less than a change in lifestyle, based on an ethics of responsibility is needed. The book concludes with a chapter on discerning God's Word for our time. Over and above the endnotes referring to sources used at the end of each chapter, the author also suggests a list of books for further reading (p. 103-104).

Conradie has given the church (in all its manifestations) an easy-to-read book on a difficult topic. The book as a whole (or sections from it) is ideally suited for discussion in Bible study groups, church counsels, youth and small groups. It is also an excellent (an inexpensive) resource to be used where a number of churches organises a (one-day) conference on the topic.

Technically the book is well presented: the binding is good, but a few typing and punctuation errors were not noted in the publication process (p. 16, 29, 48, 89). Whether interested in the topic or not, this book should be read by everyone in church – the sooner the better!

**Van der Walt, Tjaart.** 2009. **Between Pentecost and consummation: a guide to the second half of the New Testament for dedicated students.** Potchefstroom: Theological Publications. 195 p. Price: R120,00. ISBN: 978-0-86955-179-7.

**Reviewer:** T.C. Rabali  
 School of Basic Sciences, Vaal Triangle Campus,  
 North-West University

This book is offered as a follow-up for the earlier book of the same author entitled, *The Messiah has come!* In *Between Pentecost and consummation*, the focus is on Acts, the letters of the New Testament and the book of Revelation whereas in the earlier volume the attention is on the four Gospels. The intended approach in both these works is more or less redemptive historical. It can therefore be suggested or anticipated that an attempt should in future be made to publish the two books as one volume in the study field of New Testament History of Revelation. The current title used, namely, *Between Pentecost and consummation*, will certainly have to be adjusted somewhat when and if the two books are brought together.

Although the title of this publication is interesting, it does not succeed to clearly bring out the relationship between the two volumes. A title to better express the relationship between the two books would perhaps have been something like *Now that the Messiah has come!* At issue here is how one understands the relationship in content, focus, theme or message between the Gospels on the one hand, and on the other hand that of the rest of the New Testament. It is common knowledge that some of the letters that make up the New Testament were composed and released to their original targeted readers before the Gospels were available to them. Of course the readers had received the Gospel from the apostles and the other foundational witnesses of Christ although they did not have the Gospels in the New Testament. Accordingly, it is not exactly correct to see the relationship between the Gospels and the letters of the New Testament as being essentially that between *kêrugma* and *didaché*.

This book also raises the question whether the method used for treating the history of revelation with respect to the Gospels, for example in *The Messiah has come!*, can be implemented in the same manner in case of New Testament letters when it calls for a different approach (cf. p. 15, 129). The admission made in this case should be liberating for many students of the New Testament because it discourages a slavish use of a particular method. One need to, perhaps, probe the matter deeper than this by actually asking whether justice is done to any part of the New Testament whenever use is made of a methodology that does not seriously take into consideration the nature of the books of the New Testament. It is true that in terms of the redemptive timeline all 27 books of the New Testament are essentially on the same time line as they were written to witness and enhance the faith that the Messiah has come or the promises made in the Old Testament are fulfilled in the coming of Christ and the resulting pouring out of the Spirit on Pentecost. It is within this context that scholars such as Schreiner (2008) plead for greater recognition or awareness of the fact that the New Testament books are witnesses. Many New Testament scholars today therefore prefer a thematic but canonic approach when dealing with its history of revelation.

Some weaknesses of *Between Pentecost and consummation* are:

- There is very limited treatment of the contents of the letters of the New Testament. It would have enhanced the treatment that is given to the individual letters if their contents and unique witness within the New Testament was highlighted.

- No references to the works of others are offered. Even in cases where the views of others are discussed or referred to, it is done without identifying the references in which students can read about them on their own.
- There is no list of books for further reading provided.

Some of the book's great strengths are:

- The unique contribution of *Between Pentecost and consummation* is that it is a valuable entry level guide to the study of the New Testament. It can be used by young theological students and by church's Bible study groups with ease.
- The attempt to bring together issues normally discussed in New Testament special canonicity and those in the history of revelation is laudable. It is like keeping together what essentially belongs together, but is often found separated in scholarship.
- All its chapters have an accompanying list of relevant questions that help to focus attention on important matters discussed in the chapter. These questions can also be useful to lecturers who set examination papers.
- The author excellently succeeds in keeping it straight and simple. It is not an intimidating book; and one can therefore predict that it will be widely used.

**Nel, Marius.** 2009. **Prediker: 'n studie in wysheid.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 143 p. ISBN: 978-1-77000-716-1.

**Resensent:** J. Gericke

Skool vir Basiese Wetenskappe, Vaaldriehoekkampus,  
Noordwes-Universiteit

As die boek Prediker jou nie skok nie, het jy dit nie verstaan nie. Ongelukkig is die meeste populêre literatuur in die Christelike media wat oor Prediker iets te sê het geneig om die teks op 'n Prokrustus-wyse te laat buikspreek vir hulle eie spiritualiteit en dogmas. Hoe verfrissend is dit nie om te sien dat in hierdie studiegids van professor Marius Nel dit nie die geval is nie. Die gids se skrywer is een van die minderheid populêre Christelike skrywers wat begryp het dat die prediker nie, soos dikwels beweer word, wou aantoon hoe sinneloos 'n lewe sonder God is nie. Inteendeel, hy wou wys

hoe sinneloosheid ook vergestalt word huis wanneer 'n mens God en realiteit op hulle eie terme aanvaar.

Dit alles bespreek die studiegids in die loop van 140 bladsye. Die formaat is 'n mengsel van 'n Bybelkommentaar en 'n interaktiewe studiegids. In maklik verstaanbare Afrikaans (met teksaanhalings komende uit die *Nuwe lewende vertaling* aangevul deur besprekings van die oorspronklike Hebreeus) word die leser op 'n vreemde, dog opwindende, reis geneem. Dit begin by die "Voorwoord" (p. 7-8) wat daarop wys dat die boek Prediker se skeptisme verstaan moet word teen die agtergrond van die skrywer se verset teen die oorvereenvoudigings en onrealistiese optimisme van vroeëre wysheidstradisies. Daarin word ook verduidelik dat die prediker nie net pessimisties was soos die populêre stereotiep dit het nie, maar ook huis mense wou (en kan) help om te midde van sinneloosheid die lewe te geniet. Dan volg 'n "Inleiding" (p. 9-20) tot Prediker self waarin etlike relevante sake bespreek word, onder andere die wysheidstradisie as literêre genre, die identiteit van die skrywer, die tyd en plek van die boek se ontstaan en die plek daarvan in die kanon.

Hierna volg 'n reeks van sestien studies (p. 21-143) wat die grondplan en kronologie van die boek Prediker self navolg. "Studie 1" (p. 21-25) bevat 'n bespreking oor die boek se opskrif (Pred. 1:1; p. 21) en 'n oorsig oor die daaropvolgende perikoop (Pred. 1:2-11) onder die tema "Alles is sinloos" (p. 22-25). In "Studie 2" (p. 26-37) word die teks van Prediker 1:12-2:26 onder die loep geneem in "Wysheid en harde werk is sinloos", terwyl "Studie 3" (p. 38-48) oor Prediker 3:1-15 handel na aanleiding van die vraag: "Uitgelewer aan wat met jou gebeur – Waarvoor lewe jy dan?" "Studie 4" (p. 49-54) bestaan uit twee dele wat handel oor Prediker 3:16-17 en "Die onregverdigheid van die lewe" (p. 49-50) asook die gedagte in Prediker 3:18-22, naamlik "Almal is van stof" (p. 51-54). In "Studie 5" (p. 55-59) word Prediker 4:1-8 hanteer waar die Prediker wonder "Is dit alles die moeite werd?" en "Studie 6" (p. 60-68) plaas drie verdere onderwerpe op die tafel, naamlik "Twee is beter as een" (Pred. 4:9-12; p. 60-61), die "Sinloosheid van politieke mag" (Pred. 4:13-16; p. 62-63) en "Om eerbied vir God te hê" (Pred. 4:17-5:6; p. 64-68). Daarna word in "Studie 7" (p. 69-78) saam nagedink oor die "Verdrukking van mense" (Pred. 5:7-8; p. 69-70) en die "Sinneloosheid van rykdom" (Pred. 5:9-6:9; p. 71-78). In "Studie 8" (p. 79-82) handel die gesprek oor "Die toekoms, bepaal en onseker" (Pred. 6:10-12) en in "Studie 9" (p. 83-90) gaan dit oor "Wysheid vir die lewe" (Pred. 7:1-14). "Studie 10" (p. 91-97) fokus die aandag op

“Die beperkings van menslike wysheid” (Pred. 7:15-8:1) terwyl “Studie 11” (p. 98-101) “Gehoorsaamheid aan die koning” (Pred. 8:2-11) as tema deurtrap. Dan volg “Studie 12” (p. 102-110) met “Slegte en goeie mense” (Pred. 8:9-17), “Studie 13” (p. 111-117) se “Die dood haal almal in” (Pred. 9:1-12), “Studie 14” (p. 118-129) met “Wysheid en dwaasheid” (Pred. 9:13-10:20) en “Studie 15” (p. 130-132) se “Vrygewigheid en fluksheid” (Pred. 11:1-6). Die gids sluit af met “Studie 16” (p. 133-140) se “Raad vir jonk en oud” (Pred. 11:7-12; p. 133-139) en ook ’n paar “Laaste opmerkings” (Pred. 12:9-14; p. 140-143).

Die navorsing waarop die studiegids terugval, is resent. As sodanig is die boek uiters geskik vir Bybelskole, Bybelstudiegroepe asook vir die stiltetyd van die individu. Ook predikante wat oor Prediker wil preek, kan gerus die vrymoedigheid neem om die gids aan te skaf, aangesien dit die ideale kombinasie van eksegese en pastorale sorg bevat wat die homiletiese taak ook vereis. Veral diegene wat worstel met ontnugtering en die vraag na sin sal Nel se hantering van die boek as “bevrydend” ervaar.

Kortom: die mark kort beslis meer van dié soort studiegidse wat Nel hier gebring het. Die meeste mense is soms geneig om eerder boeke oor die Bybel te lees as die Bybel self – met die gevolg dat wanneer ons wel die teks onder oë kry, ons dikwels net sien wat ons verwag om te sien. Enigiemand wat Prediker in al sy andersheid wil ontdek en bereid is om na die teks te luister sonder vooropgestelde idees oor dit wat hulle dink dit veronderstel is om te beteken, kan nie vir ’n beter studiegids in Afrikaans vra nie.

**Rasnake, Eddie.** 2009. **Efesiërs: 12 studies oor die boek.**

Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 226 p.

ISBN: 978-1-77000-599-0.

**Resensent:** W. Vergeer

Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Eddie Rasnake, leraar van die Woodland Park Baptiste Kerk, het sedert 2000 ’n wye leserspubliek opgebou met sy *Following God series* (AMG Publishers), ’n reeks wat hy saam met medewerkers Wayne Barber en Rick Shepard geskryf het. Die verskillende boeke in die reeks is afgestem op die ontginning van Christelike lewensbeginsels uit die Bybel. Danksy die inisiatief van CUM en ’n uitstekende vertaling deur Rosalie van Aswegen is Rasnake se

*Following God: the book of Ephesians* (2003) nou ook in Afrikaans beskikbaar. Die Afrikaanse weergawe is ook met verwysings na *Die nuwe lewende vertaling* (CUM, 2006) en *Die multivertaling Bybel* (CUM, 2004) verryk.

Die publikasie bestaan uit 'n sistematiese behandeling van die hele Efesiërbrief, wat vir dié doel in twaalf perikope ingedeel is. Die studie oor elke perikoop word as 'n *Les* aangebied, en elke *Les* se studiemateriaal word op sy beurt weer in vyf *dae* verdeel. Per implikasie sal die bestudering van Efesiërs aan die hand van Rasnake se boek die leser dus twaalfweke besig kan hou. Elke *dag* bevat materiaal wat ongeveer twintig minute neem om deur te werk. Hierdie formaat maak die publikasie baie geskik vir Bybelstudiegroepe en kleingroepe, maar ook vir selfstudie.

Alhoewel die boek populêr geskryf is, word dit op 'n vlak aangebied wat hoofsaaklik tot gevorderde lesers (Graad 11 en hoër) sal spreek. Die studies vir die verskillende *dae* bestaan uit informatiewe, ontdekkende en persoonlike gedeeltes. Die informatiewe gedeeltes gee besonderhede oor die konteks en teks in die mate wat dit 'n bydrae lewer tot die verstaan van die betrokke perikoop of Skrifgedeelte. Dikwels word na die betekenis van woorde en frases in die grondtaal verwys. Rasnake maak ook uitstekend van eietydse en historiese voorbeeldgebruik om die betekenis van verskillende Skrifgedeeltes te verduidelik en vir vandag toe te pas.

Die ontdekkende dele bestaan uit 'n Bybelstudie oor verskillende Skrifgedeeltes. Dit is duidelik dat Rasnake die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking as verklaringsmetode onderskryf. By elke opdrag is daar 'n ruimte (oop lyne) om die antwoorde en persoonlike aantekeninge neer te skryf. Dit verleen aan die publikasie die karakter van 'n persoonlike werkboek.

Die persoonlike gedeeltes word sterk in elke *Les* uitgebou en is toespits op aspekte soos selfondersoek, 'n nuwe verbintenis en oorgawe aan Christus, geloofsgroei, toewyding, voorbidding en praktiese besluite insake heiligmaking en die dankbaarheidslewe wat ons aan God verskuldig is. Hierdie fokus (wat dikwels in Bybelstudiehandleidings ontbreek) moet werklik as 'n aanwins beskou word. Rasnake begelei die leser nie net in die verkryging van kennis nie, maar ook in toewyding aan en in vertroue op God.

Die publikasie het 'n breë kantlyn wat verdere ruimte vir nota's bied. In dieselfde kantlyn word die kern van 'n paragraaf of *Les* ook in 'n sin of twee opgesom, of deur 'n treffende aanhaling/insident beves-

tig, sodat die leser in een oogopslag die hoofgedagtes kan volg. Hierdie kenmerk maak dit maklik vir Bybelstudielede (wat dalk by 'n bepaalde byeenkoms afwesig was) om "in die prentjie te bly".

By al die bewondering vir hierdie keurig versorgde en hoogs bruikbare publikasie, is daar egter ook op sommige plekke voorbehoude oor die inhoud en verklarings wat aangebied word. Dit moet eintlik verwag word, aangesien die ingewikkeld karakter en gelaade dogmatiese inhoud van Paulus se brief aan die Efesiërs daartoe lei dat (ook gereformeerde) eksegete nie altyd saamstem oor die betekenis van bepaalde gedeeltes nie.

Rasnake verskraal byvoorbeeld die duidelike verwysing na God se uitverkiesing en voorbeskikking in Efesiërs 1:4-5 tot 'n passiewe "waarborg" van God dat gelowiges in die hemel "heilig en onberis-pelik sal wees", en "dat almal wat gered is, as kinders aangeneem sal word in sy huisgesin" (p. 42). Behalwe dat Rasnake se uitleg ("voorbeskikking" = "waarborg" [p. 41]) eksegeties nie sterk staan nie ("voorbeskikking" [prohorizoo] beteken letterlik eerder "vooraf besluit" of "afsonder"), laat sy uitleg hom ook "oop" vir die dwaling van die Remonstrante.

Ook oor sy uitleg van "elke geslag" in Efesiërs 3:15 kan verskil van mening bestaan. Terwyl Rasnake oordeel dat "elke geslag" op "die hele mensdom, goed en sleg" dui, en die 1983-vertaling van die Bybel dit vertaal met "die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op aarde", meen Floor (1995:134) dat die hele wêreld van mense en engele bedoel word. Die verskille oor hierdie uitleg kan egter as "nie-wesentlik" beskou word.

By die meeste ander moeilik verklaarbare gedeeltes bied Rasnake egter m.i. geldige eksegese wat van goeie navorsing en insig getuig. Hieronder tel die verklaring van die "skeidsmuur" (Ef. 2:14) as die muur tussen die Voorhof en die Heilige in die tempel (p. 97), die verklaring van "een doop" (Ef. 4:5) as 'n verwysing na die doop met die Heilige Gees (p. 132) en die verstaan van die opdrag tot "onderdanigheid" in Efesiërs 5:21 as 'n omvattende inleiding tot al Paulus se opdragte in sy *huistafel* – dit is, sy opdragte vir die huwelik (Ef. 5:22-33), gesinslewe (Ef. 6:1-4) en verhouding met werknemers (Ef. 6:5-9) (p. 191-206).

Samevattend, beveel ek dus graag hierdie publikasie vir gebruik aan. Dit is 'n goeie en bruikbare Bybelstudiehandleiding wat kennis oor Paulus se brief aan die Efesiërs en individuele geloofsgroei sal bevorder. As Bybelstudiehandleiding sal dit dalk die heel beste tot

sy reg kom in 'n groep wat deur 'n predikant of iemand met teologiese opleiding gelei word.

**Nicholson, Ronald.** 2008. **The church and same-sex marriage.**

Pietermaritzburg: Cluster. 74 p. Price: R50,00.

ISBN: 978 1 875053 77 3.

**Reviewer:** P.H. Botha  
Kranskop

There are a multitude of books on homosexuality, especially with regard to the Bible and homosexuality. Increasingly the church finds herself being challenged for relevant answers in response to the demands of a post-Christian society for the recognition, rights and privileges claimed by minority groups. It is indeed a challenge to meet such an issue with a book that would like to bring fresh answers to an old problem within contemporary church society where homosexual relations are becoming increasingly acceptable. At the very least the author would like to describe both sides of the current debate on same-sex marriage and the church.

It is commendable that Nicolson clearly states his own presuppositions and convictions before tackling the topic at hand. Whether he succeeds to get away from his own pro-homosexual point of departure and present the whole issue in an unbiased manner is, however, debatable. After reading *The church and same-sex marriage* I don't think that Nicolson added anything new to the intense debate in the church that had been going on for at least the past twenty years. His bias is in any case quite in the open when one evaluates his bibliographical notes and books preferred for further reading.

Perhaps the most challenging chapter in the book has to do with whether compromise is possible. The suggestion of compromising a principle so decisively negated by Scripture is really the challenge that the modern church faces. Compromise should, however, not be based on the author's summary of the causes of homosexuality nor his exegesis of the Biblical texts, as these are rather superficial. The book highlights once again that the current debate is emotional and human rights focused. It is on this issue that Nicolson makes a definite contribution to the current debate by putting various options on the table which the church could follow to accommodate homosexual people in the faith community. In my opinion the last

chapter of the book poses the greatest impact and challenge for those who wants to engage in the current debate.

I have found the book worthwhile to read simply because it gives a concise overview of the current situation in the church and highlights the challenges facing the church with regard to the interpretation of Scripture. Compromise brings no easy answer to the problems with regard to the blessing of same-sex unions, the ordination of those in same-sex relations to positions in the church or homosexual acts as such. The church is challenged to find answers within the chaos that prevails in the secular and church discussions of the day. Nicolson has found his answer; whether the reader will agree with him or not is perhaps not that important. What is important is that everyone partaking in the debate will have a basic understanding of the issues fuelling the current debate. Nicolson succeeds to bring these issues to the fore, notwithstanding the fact that it is not in an unbiased fashion.

